## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

**Terblanche Jordaan**
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad: www.neospektrum.co.za**
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**

ACIM: Stad 10/6 en Kolping 6/6
Bejaardesorg: Larél — 071.493.07.10
Spiritualiteit Konferensie: 3 Aug '19

**Boekgroep**
**Maandag: 3 Junie 2019**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

➢ **bookings@neospektrum.co.za**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail________________________________ Sel______________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel,
uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

**SnapScan**
Download APP
vir jou foon.

Installeer en
gebruik met
veiligheid.



# Neo-Spektrum
## 2 Junie 2019
## DIE LIEFDE VAN GOD
## ~ ALLESINSLUITEND ~

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Hell or High Water — Billy Raffoul ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Want hierdie gebod wat ek jou vandag beveel,
is vir jou nie te swaar nie en is nie ver nie.
Dis nie in die hemel nie, sodat jy moet sê:
Wie sal vir ons na die hemel opklim
en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor,
dat ons dit kan doen?
Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy moet sê:
Wie sal vir ons na die oorkant van die see oorvaar
en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor,
dat ons dit kan doen?
Maar baie naby jou is die woord,
in jou mond en in jou hart,
sodat jy dit kan doen.

— Deut 30:11-14

## STILTE VAN BINNE

# ஐ GEBORE UIT DIE HART VAN GOD ஐ

## 1. INTERAFHANKLIKHEID

Dit gaan meer oor die inwonende krag van God as 'n bonatuurlike God êrens in die heelal; dit gaan oor 'n geloof, hoop, en liefde wat tasbaar is eerder as 'n metafisiese Godsbegrip van 'n God wat verwyderd is van als en almal; dit gaan oor 'n lewe van floreer en gedy hierdie kant van 'n graf as om 'n hemel voor te hou vir 'n eendag ná die dood; dissipelskap lê klem op ons sosiale geregtigheid en betrokkenheid by die herstel van ons natuur; die moderne mens soek na relevansie en 'n betekenisvolle ervaring in ons interafhanklike verhouding met mekaar en met dit wat ons beskryf en ervaar as God.

### TASTE-AND-SEE-GOD'S-LOVING-KINDNESS

**"Proe en sien dat die Here goed is. Geseënd is die wat by hom skuiling vind."** (Psalm 34:8)

================================================================

## 2. HERINNERING

Die allesinsluitende, alomteenwoordige, alwetende, almagtige LIEFDE van God waarvan die middelpunt ALLES is en die omtrek ALMAL insluit.

### FEEL-AND-KNOW-GOD'S-LOVING-PRESENCE

**"Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here."** (Romeine 8:38-39)

================================================================

## 3. OPDRAG

Wanneer ons leef met toewyding en dissipline, waar ons 'n bewussyn kweek van dankbaarheid en waardering, sal ons die liefde van God ervaar — dit is nie liefde wat God gee nie — dit is die liefde wat God <u>**IS**</u>. God is liefde desondanks, nieteenstaande, ten spyte van wie/wat ons is.

### ABIDE-AND-REFLECT-GOD'S-LOVING-GRACE

**"Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde."** (1 Johannes 4:7-8)



# <u>GIVING</u> TRANSFORMS HAVING INTO <u>BEING</u>



~ LOVE ME TENDER — ELVIS PRESLEY ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is:*
*Al praat ek die tale van mense en engele,*
*maar ek het geen liefde nie,*
*het ek 'n stuk klinkende metaal,*
*'n galmende simbaal geword.*
*Al het ek die gawe van profesie*
*en ken ek al die geheimenisse*
*en besit ek al die kennis,*
*en al het ek al die geloof om berge te versit,*
*maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks.*
*Al deel ek al wat ek het aan ander uit,*
*en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem,*
*maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.*
*Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik;*
*dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie.*
*Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie,*
*is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie.*
*Dit verbly hom nie oor onreg nie,*
*maar verheug hom oor die waarheid.*
*Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.*

— 1 Korintiërs 13:1-7 —

---

## Be the <u>Awareness</u> of the <u>Presence</u> of God

~ ALL WE WANT IS LOVE — ANE BRUN —